NG KERK ALKMAAR

Uittreksel uit kerkraadsnotule van 20 Junie 2022

7.5
Terugvoer van gemeentevergadering gehou op 29 Mei 2022 (Gemeentevergadering Notule 29.05.2022) punt 1.6 verwys:
Lidmate teenwoordig het gevoel dat Alkmaargemeente nie wil doleer of van die Algemene Sinode wegbreek nie. Die Algemene Sinode se Selfdegeslagverhoudings 2019-besluit word opnuut van kennis geneem en daar word bevestig dat ons die Bybelse huwelik beskou as ’n verbintenis tussen een man en een vrou. Die kerkraad word vertrou ten opsigte van leersake en leraars asook toekomstige leraars.

KENNIS GENEEM

Die kerkraadslede se gevoel was dat hierdie kort terugvoer meer uitgebrei kan word.

Dit het tot gevolg gehad dat die kerkraad besluit het om nog ’n gespreksgeleentheid vir die gemeente te reël rakende die gemeente se gevoel oor die algemene sinode en dié se 2019-besluit oor selfdegslagverhoudinge — DV vir Saterdag 13 Aug om 14:00 by ons kerk (kerk of kerksaal).